



## **BEFONDSING DEUR SUBKOMITEE A TER ONDERSTEUNING VAN DIE DOKTORALE NAVORSING VAN US PERSONEEL WAT NIE VIR NNS THUTHUKA-BEFONDSING KWALIFISEER NIE**

### **A. Wie kwalifiseer?**

Voltydse personeel op die permanente diensstaat van die Fakulteite Lettere en Sosiale Wetenskappe, Opvoedkunde, Regsgeleerdheid, Teologie, Ekonomiese en Bestuurswetenskappe en Krygskunde, reeds ingeskrewe vir hul doktorsale studies en wie nie vir NNS Thuthuka-befondsing kwalifiseer nie (dus nie-Suid-Afrikaanse burgers en/of ouer as 45 jaar), kan aansoek doen om Subkomitee A befondsing ter ondersteuning van hul doktorsale navorsing. Personeel uit die steundienste afdelings mag ook om Subkomitee A befondsing aansoek doen. Personeel wat alreeds befondsing binne die komitee se program vir nuwe aanstellings ontvang, kwalifiseer nie om ook binne hierdie program aansoek te ontvang nie.

### **B. Die navorsingsprojek**

Die navorsingsprojek behoort deel te vorm van 'n personeellid se navorsingsprogram en moet lei tot die lid se doktorsgraad. Dit moet ook lei tot ander erkende navorsingsuitsette soos artikels in geakkrediteerde joernale, boeke, boekhoofstukke en afgestudeerde nagraadse studente.

### **C. Termyn**

Die toekenning is vir een jaar, maar fondse oorblywend na hierdie periode, kan na 'n tweede jaar oorgedra word.

### **D. Evalueringsmaatstawwe**

Aansoeke sal oorweeg word aan die hand van:

#### 1. FORMELE VEREISTES

1.1 Is al die tersaaklike inligting, soos op die voorgestelde aansoekvorm gevra, beskikbaar?

1.2 Is die aansoeker reeds ingeskryf vir die graad? (Bewys van registrasie moet aan die aansoek aangeheg word.)

1.3 Het die doktorsale studieleier 'n aanbeveling gemaak?

1.4 Het die departementele voorsitter of sy/haar gedelegeerde 'n aanbeveling gedoen?

#### 2. SUBSTANTIEWE KRITERIA

2.1 The applicant's record of research:

Besik die aansoeker oor 'n nasionale/internasionale navorsingsrekord? (Kwantiteit, sowel as kwaliteit van navorsingsuitsette sal in berekening gebring word by die evaluasie van 'n aansoeker/(s) se navorsingsrekord.) Het die aansoeker al studieleiding aan nagraadse studente verskaf?

2.2 Wetenskaplike gehalte van aansoek:

Is die voorgestelde navorsingsprojek van hoogstaande gehalte? (Is die probleemstelling duidelik; hoe sinvol is die *doelstellings*; is die *metodologie* die mees toepaslike; wat is die *waarde* van die ondersoek vir die veld van die studie en is die projek haalbaar; watter navorsingsuitsette bo en behalwe die doktorsale tesis word in die vooruitsig gestel?)

### 3. WENSLIKHEIDSKRITERIA

In gevalle waar goeie aansoeke sterk meeding om beperkte fondse sal die volgende addisionele kriteria in berekening gebring word in die neem van 'n finale besluit:

- 3.1 Sal die navorsingsprojek streeks- en nasionale samewerking bevorder?
- 3.2 Sal die navorsingsprojek voordeel meebring vir die Universiteit, die plaaslike of nasionale gemeenskap?
- 3.3 Sal die navorsingsprojek ander bronne van befondsing ontgin, waar beskikbaar?

#### **E. Toekenning van fondse**

Die befondsing van aansoekers/projekte wat aan bogenoemde kriteria voldoen, is onderhewig aan die beskikbaarheid van fondse. Die komitee behou die reg voor om 'n gedeeltelike toekenning of geen toekenning te doen nie selfs al word die aansoek in alle ander opsigte as steunbaar beskou.

#### **E. Riglyne vir voornemende aansoekers**

1. Die *vorm* waarop aansoek gedoen moet word, is *per e-pos* beskikbaar – kontak Malene Fouché ([mfouche@sun.ac.za](mailto:mfouche@sun.ac.za); 021 808 4622), asook op die webblad van die Afdeling Navorsingsontwikkeling en moet as 'n getekende harde kopie of in pdf formaat ingedien word (Kamer 2048A, Wilcocksgebou).
2. 'n **Verkorte** CV van die aansoeker en bewys van registrasie vir doktorsale studies moet aan die aansoek aangeheg word.
3. Die subkomitee behandel navorsingsbegrotings met 'n mate van soepelheid, d.w.s. daar is slegs breë *riglyne* waarbinne toekennings vir navorsingsprojekte gemaak sal word. Dit staan aansoekers egter vry om die behoeftes vir 'n bepaalde projek te spesifiseer.
4. Die 'belegging' van navorsingsfondse sal aan die einde van die betrokke termyn aan die hand van 'n finale verslag geëvalueer word.
5. Slegs *een* navorsingsprojek van dieselfde navorser kan binne een jaar deur die komitee befonds word.

#### **G. Befondsingskategorieë**

'n Maksimum van R30 000 sal toegeken word. **Kongresbywoning sal nie befonds word nie.**

#### **H. Toekenningsprosedures en -prioriteite**

Navorsingssubkomitee A verwerk alle aansoeke volgens 'n vasgestelde prosedure. Beoordelaars word sover moontlik binne die geleedere van die komitee aangewys, maar nie uit dieselfde departement as die aansoeker nie. Beoordelaars mag enige kundiges raadpleeg in die beoordeling van 'n aansoek. Beoordelaars doen 'n aanbeveling aan die komitee, maar die finale besluit word deur die volle komitee geneem. Komiteeledede moet enige konflik van belange verklaar. Aansoeke word in een van drie kategorieë geplaas: steunbaar, steunbaar met geringe wysigings of nie steunbaar nie. In laasgenoemde twee gevalle word terugvoer aan die aansoeker gegee met die oog daarop om die aansoeker in staat te stel om in die toekoms 'n steunbare aansoek in te lewer.

#### **I. Sluitingsdatum**

Die toepaslike sluitingsdatum sal op die webblad van die Afdeling Navorsingsontwikkeling aangedui word. Die verwerking van aansoeke en die tyd wat benodig vir die behoorlike evaluering van aansoeke, beteken ongelukkig dat geen laat aansoeke aanvaar kan word nie.